

Donderdag 20 Februarie

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 22:1 – 24:27

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 22:10 – 23:21

Die Here bewaar sy kerk in die donkerste van tye

Daar is tye in die geskiedenis waar donker wolke oor die voortbestaan van die kerk gehang het. Die kerk beleef haar eerste donker tyd in die paradys met Satan se aanval en verleiding. Maar die Here is genadig en bewaar sy kerk in die verbond. Die kerk sal nie ondergaan nie!

In 2 Samuel 7 ontvang die kerk die belofte dat Dawid se troon nooit leeg sal wees nie. Israel sal altyd 'n koning hê. Hier in Kronieke lyk die prentjie weereens donker. Waar is die koning? Op die oomblik is daar 'n koningin wat haar weg na die troon deur moord bewerk het!

In Eksodus 15 lees ons dat al die Joodse seuntjies doodgemaak moet word. Onder hierdie kinders was Moses. In Matteus 2 hoor ons weer dat die seuns doodgemaak moet word, omdat Herodes bang was vir die koms van die Messias. En hier in Kronieke gebeur presies dieselfde.

Atalia, die koningin, het beveel dat al die seuns doodgemaak moet word. Dit alles is Satan se strategie om die koms van Christus te probeer smoor. Deur die geskiedenis gryp die Here wonderbaarlik in! Moses word gered deur 'n biesiemandjie; hier sien ons Joas, die koning uit Dawid se geslag, word gered deur 'n priestergesin en bevestig as koning; en eindelijk word Christus gered wanneer sy ouers na Egipte vlug.

Al lyk die prentjie vir ons baie keer donker, gebruik die Here die kwaad van Satan om alles vir sy kerk ten goede te laat meewerk (Rom. 8:28). Deur die lyn van die verbond verseker die Here dat die Dawidstroon bly voortbestaan. Hy het ons aangeneem as sy kinders in die verbond, Hy het sy Seun gestuur om die kerk te bevry van die sonde.

So sal die HERE ons bewaar tot Christus weer kom.

Sing: Psalm 68-1:1-3

Ds. W Brotherton (Werner) (Vryheid)